Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 12 Oct 2017
Page: 27

AVE: 4653.97
Circulation: 41286
Part: 1 of 1

Tuks-toernooi bied kans vir jong tennisspelers

Belowende jong tennisspelers kan volgende naweek kans kry om hulle teen gesoute teenstand te toets wanneer die Armscor Tuks Ope Toernooi in Pretoria beslis word.

Volgens Kobus Botha van TuksTennis bied dié toernooi geleenthede aan juniors om met ouer en meer ervare spelers kragte te meet.

Een van dié strydrosse wat hom reeds ingeskryf het, is die voormalige Suid-Afrikaanse Davisbeker-speler Tucker Vorster.

"'n Jong speler wat teen Tucker speel, sal 'n goeie aanduiding kry waaraan hy moet werk as hy in die toekoms beroepstennis wil speel," het Botha gesê.

Die prysgeld vir die toernooi beloop R10 000.

■ Mans- en vrouespelers het tot môre om hulle in te skryf. Die inskrywingsvorms is verkrygbaar by tukstennis@up.ac.za.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.